# WONDER EN WET.

## 1. DIE WET.

Ons noem mens, plant, dier, stof en energie en ook eienskappe, kwaliteite, funksies, oorsake, handelinge, ens. „dinge”.[1]

Wet veronderstel **eerstens** „dinge” met hul relasies.

„Dinge” met hul relasies kan 'n orde of 'n chaos vorm.

'n Orde bestaan waar „dinge” met hul relasies só saamhang dat hulle tesame 'n eenheid of 'n geheel vorm met 'n sodanige skikking of reëling dat elke „ding” (met sy relasies) volgens sy besondere aard sy besondere plek in hierdie eenheid of geheel inneem.

Chaos is gegee waar verwarring heers, d.w.s. waar die betrokke „dinge” (met hul relasies) uit hul betrokke skikking of reëling uitgeval het en die eenheid of geheel van die betrokke orde verval het.

Wet veronderstel **tweedens** orde. Die wet verbind die „dinge” met hul relasies tot 'n orde. Die wet is 'n relasionele[2] ordebepaling.

1. „Ding” in sy ruimste betekenis geneem. Ander woorde wat dit álles aandui is minder geskik. Ook Eisler (**Handwörterbuch der Philosophie**) onderskei „ding” in sy ruimste betekenis van „ding” in engere betekenisse.
2. Opsetlik spreek ons van „relasioneel”; 'n „relatiewe” bepaling is iets anders.

Chaos bestaan slegs as negasie van orde. Die toestand van bv. Genesis 1 vs. 2 is geen chaos nie, maar 'n nog nie ge-,orden'-de toestand; eers daarna (met die sesdaagse skepping) is die orde van die skepping gestel. Chaos het ontstaan as gevolg van die sondeval van die mens en die vloek van God oor die aarde.

'n Chaos is altyd betreklik en wel t.o.v. 'n bepaalde ordeverband. 'n Absolute chaos bestaan nie. Met bv. die verwoesting van 'n stadsgedeelte deur 'n orkaanwind heers in bv. fisies-chemiese opsig geen chaos nie, maar slegs bv. in sosiale en ekonomiese opsig.

'n Chaos hef die wet nie op nie. Die wet bly ook waar 'n orde in chaos omgeskep is; anders was daar geen chaos nie.

In die **derde** plek geld die wetsorde van die skepping universeel. Alle „dinge" (met hul relasies)[3] is wets-bepaald. Ook waar bv. die wet as norm oortree word, bly dit geld.

Hierdie beginsel van ,die universaliteit' van die wetsorde is vir alle wetenskappe van belang. Aan die een kant omdat die wetenskappe o.a. tot taak het om wette op te spoor en te formuleer.. Aan die ander kant twyfel sommige wetenskappe in sommige opsigte aan die bestaan van wette. So bots bv. indeterminisme in die etiek met die beginsel van die universaliteit van die wetsorde. Dit is ook die geval waar bv. Heisenberg se kernfisiese ,law of indeterminacy' as ,onbepaaldheid' opgevat word; word dit as ,onbepaalbaarheid' opgevat en dui dit slegs aan dat met die betrokke gevalle die grens van navorsing bereik is, bots dit nie met hierdie beginsel nie.

Kenmerkend van die wet is in die **vierde** plek dat dit vas is, m.a.w. dat dit konstant en onveranderlik is. Sonder vastheid is 'n wet geen wet en is geen wetenskap moontlik nie. Die vastheid van die wet geld slegs van wette deur God vir die skepping gestel, nie vir wette (soos die staatswette) deur die mens gemaak en ook nie vir wette in die skepping soos deur mense ontdek, opgevat en geformuleer nie. Dergelike wette is veranderlik en word verander.

,Vastheid' van wette beteken nie dat slegs algemene wette bestaan en dat daar bv. geen tipe-wette en selfs geen individuele wet sou bestaan

---

3. Ons laat voortaan die „met hul relasies" weg. Waar „dinge" staan, moet gelees word: , „dinge" met hul relasies'.

nie. So geld bv. vir die (sy hele lewe omvattende) roeping van een bepaalde persoon óók sy besondere roepingswet en staan elke konkrete historiese situasie óók onder sy besondere wet. Waar algemene wette betrekking het op herhaalbare „dinge" (en gebeurtenisse) het bv. die individuele wet betrekking op ‚eenmalige' „dinge" (en gebeurtenisse). ‚Vastheid' beteken slegs onwankelbaarheid en onveranderlikheid.

Die ‚vastheid' van die wet geld ook vir al die verskillende tipes van die wet, w.o. die godsdiens-gebooie, kultuurnorme, natuurwette[4] en struktuurwette.[4]

**Vyfdens** vind die wetsorde (net soos die skepping self) sy oorsprong in God.

God is absoluut soeverein oor álles wat Hy geskape het. Hy is Wetgewer van die geskape heelal. Die skepping is as totaliteit en as verskeidenheid aan die wet van God onderworpe. Die „dinge" is nie net wetsbepaald nie, maar ook wetsonderworpe.

Die wet is 'n onderskeidingsgrens tussen God en skepping. Die „dinge" kan nie buite die wet kom of bo die wet uitstyg nie en God Wie[5] bo die wet staan, is nooit wetsonderdaan nie, ook nie waar Hy in Sy alomteenwoordigheid en met Sy krag die skepping instandhou en bestier.

Die wet as onderskeidingsgrens tussen God en skepping gesien gee aan die beginsel van ‚universaliteit van die wet' 'n besonder pregnante betekenis.

Die vastheid van die wetsorde wortel in die vastheid (onwankelbaarheid en onveranderlikheid) van die wil van God en daarmee in die onwankelbaarheid en onveranderlikheid van God Self.

Die wetsorde vir die skepping mag nie los van God gedink en selfstandig teenoor God gestel word nie. Die wette is geen selfstandig ordenende magte en bestaan slegs solank God hulle handhaaf. Dit is dan ook verkeerd om van die vastheid van die wette uit te gaan en die vastheid van die raad van God opsy te skuif. Die vastheid van die wet

---

4. Godsdiens is geen kultuur nie; onder „natuur" verstaan ons dit waaraan stof, plant en dier deel het en die mens insover hy deel het waaraan stof, plant en dier deel het.
5. „Wie" i.p.v. „Wat", op versoek van die skrywer.—Red.

Tussen „dinge" bestaan relasies.

wortel in die vastheid van die raad van God. Dit moet onthou word as gespreek word van die ,noodwendige' karakter van die wet. Hierdie noodwendigheid (en uitsonderingsloosheid) het die wet nie kragtens homself nie, maar slegs kragtens die wil van God en solank dit God behaag om die wet te handhaaf.

Die wet is 'n uitdrukking van die wysheid, vrymag en wil van God. Dit is nie 'n sinlose en blinde (selfstandige) mag (soos die fatalisme dit leer) nie, maar sluit ook blinde en absolute toeval uit (soos die kasualisme dit leer).

In die **sesde** plek bestaan daar tussen die „dinge" en die wetsorde 'n intieme en innerlike verband. Sedewette bv. geld nie vir klippe as sodanig nie en valwette nie vir emosies nie. Hierdie innige verbondenheid gee ons reg om te sê dat die wette ,tot' die skepping ,behoort', dat die wette ,in' die skepping is en dat die wette saam met die „dinge" 'n eenheid vorm. Ons vermy egter die uitdrukking dat die wette wette ,van' die **skepping (,van' die „dinge", ,van'** die natuur, ens.) is. Hulle bestaan en geld **,vir'** die skepping (**,vir'** die „dinge", **,vir'** die natuur, ens.) omdat God hulle ,aan' die skepping gegee het en **,vir'** die skepping bepaal het. Hulle is nie **,van'** die skepping nie omdat hulle nie ,deur' die skepping bepaal is of ook nie ,in' die skepping as sodanig hulle oorsprong vind nie.

Ons mag die wette nie aan die skepping subordineer nie, en bv. as ,ewige' bepalings van die skepping self opvat nie. Inteendeel, die wette stel aan die „dinge" hul bepalings en perke. Die „dinge" is in radikale sin ,wetsonderworpe', of soos die ,Wysbegeerte van die Wetsidee' dit stel: ,subjekte'. Ons mag die wette en die „dinge" dan ook nie los van mekaar dink nie.. Die skepping as totaliteit en as verskeidenheid het dan ook (soos Dooyeweerd dit stel) 'n subjekskant en 'n wetskant.

Ons mag ons nie die skepping met sy wetsorde as 'n selfstandige mag los van en teenoor God stel en God aan die skepping met sy wetsords bind nie. Alle „dinge" is aan God gebind en in absolute sin van Hom afhanklik, ook die wette **,vir'** die „dinge". God regeer die geskape heelal o.a. deur Sy wette wat Hy ,vir' die „dinge" gestel het.

Uit bostaande volg verder dat ons die oorsprong van die wet ook nie in die mens se verstand of rede mag soek, asof die skepping (of die ,ervaring') ongeorden was en eers in die menslike kennis tot orde kom nie. Die wetsorde ,in' die skepping is daar vóór die mens dit leer ken;

en met sy vorming van kennis moet die mens die wet ,in' die skepping ontdek, dit na-dink en daaroor nadink en dit formuleer.

Ten slotte, waaruit weet die mens van die wet en van die wetsonderworpenheid van die „dinge", asook van die oorsprong van die wet en van die skepping in God? Eerstens uit die openbaring van God in Sy Woord en aan die hart van die mens; tweedens d.m.v. selfevidente insigte in die wetsbepaaldheid van die betrokke „dinge"; en derdens op grond van die waarneming van die reëlmaat en vaste gang van die gebeurtenisse.

Elke punt van bostaande omskrywings is van belang vir ons vraag aangaande die verhouding van wonder en wet. Wie van 'n ander wetsidee uitgaan kan moeilik die verhouding van wonder en wet in die regte perspektief sien en sal of die wonder verwerp of tussen wonder en wet 'n onoorkomelike botsing sien of 'n kunsmatige vereniging van beide vind wat die waarheid geweld aandoen en innerlik teenstrydig is.

## 2. DIE WONDER.

Buitengewone menslike prestasies word soms „wonders' genoem. Hulle is geen wonders nie, want hulle is aan die wet van God onderworpe.

Die mens kan geen wonders doen nie.. God alleen doen wonders. Waar mense wonders verrig (vgl. die wonders in die Heilige Skrif vermeld) is dit nie die mens as sodanig wat wonders doen nie, maar is dit God Self Wie die mense as instrumente in Sy hand gebruik en d.m.v. hulle wonders doen.

Buitengewone gebeurtenisse wat die mens op 'n bepaalde tydstip nie kan verklaar nie, dog later wel sal kan verklaar, word soms ,wonders' genoem. Hulle is geen wonders nie, want die mens kan slegs (en wel ten dele) verklaar wat aan die wet onderworpe is, maar die wonder is 'n daad van God wat bo die wet staan en wat die mens nie kan verklaar nie. Dát wonders plaasvind en wát wonders is, kan die mens weet, maar hóe wonders plaasvind gaan sy verstand te bowe.

Die aanvaarding van wonders word soms bygeloof genoem. ,Wonders' wat op grond van bygeloof aanvaar word is geen wonders nie.

Wie (soos bv. die rasionalis, die ateïs en die naturalis) nie aan Gods Woord glo nie, en nie glo dat God magtig is om met Sy krag buitengewone dade te doen, dade wat nie aan die wet onderworpe is nie, sal óns geloof aan wonders bygeloof noem.

Die wonders van God is geen grille, willekeur of orde-lose dade nie. God is Self 'n God van orde. Sy orde is 'n wonder-orde, 'n absolute, almagtige en algenoegsame orde wat God in Sy wysheid en vrymag Self stel. Hier heers geen noodlot en oo k geen toeval nie. Hierdie Goddelike orde is radikaal verskillend van die van God afhanklike en onselfgenoegsame orde vir ons onselfgenoegsame en van God afhanklike skepping, 'n orde vir die mens geheel en al onverstaanbaar en onverklaarbaar. As ons ons antropomorf (d.w.s. in al te menslike taal) mag uitdruk, dan sou ons kon sê dat die wonder vir God nie buitengewoon is nie, maar Sy eie ,natuurlike', Sy eie ,alledaagse' en Sy eie ,gewone' handelwyse. Waar God werk doen hy wonders, en waar iets in ons skepping plaasvind geskied dit onder die wet. Die wonder is 'n uitdrukking van die ordebepaling van God Sélf.

Ons mag dan ook die wonderdade van God nie beperk tot die sg. spesiale wonders deur Christus, die profete en die apostels gedoen nie.

Ons moet tussen vierderlei wonders onderskei.

a. 'Eerstens is daar die wonderdade Gods ,binne' Sy Triniteit, soos o.a. die Self-openbaring van God binne die Triniteit, die generasie van die Seun deur die Vader en die uitgaan van die Heilige Gees van de Vader en van die Seun.

b. Tweedens is daar die wonderdade van God ,na buite', die wonderdade i.v.m. Sy werke. Hieronder val o.a. die skepping van hemel en aarde deur God Drieënig, Sy wetgewing aan die geskape heelal en Sy instandhouding en voorsienige bestuur van die skepping; verder Sy alomteenwoordigheid en openbaring in Woord en ,natuur' (skepping) en Sy verwesenliking van Sy raadsplan op aarde; maar ook Sy werksaamhede i.v.m. uitverkiesing, verlossing, wedergeboorte aan die een kant en die her: kepping aan die ander kant.

c. In die derde plek het ons die spesiale wonderdade van God, wat Hy d.m.v. mense as instrumente in Sy hand verrig, die wonders wat nl. in die Heilige Skrif vermeld staan. Hulle staan i.v.m. die sondeval van die mens en geskied óf om die goddelose te straf óf om Gods volk te verlos óf (en) om die woorde van die profete te beseël en die geloof aan hul getuienis te versterk. Hulle is in 'n spesiale sin tekens van die teenwoordigheid en die krag van God, bied 'n ryke bron van troos en profeteer aan ons die nuwe bedeling wat kom.

d. In die vierde plek is die skepping se struktuur wat die wetenskap ondersoek in sy fundamentele samestelling 'n wonderstruktuur.

Wat hiermee bedoel word wil ons eers met 'n bepaalde voorbeeld verduidelik.

Bewussyns- (of psigiese) prosesse (bv. begeerte, emosies, wil, voorstelling, ens.) is radikaal of wesensverskillend van hersingsprosesse. Bewussynsprosesse is nie 'n soort hersingsproses en hersingprosesse is nie 'n soort bewussynsproses nie; die een kan nie tot die ander herlei of in terme van die ander verstaan word en beide kan nie tot 'n derde herlei of in terme van 'n derde verstaan word nie. Tog beweeg die hand van 'n mens as gevolg van 'n wilsbesluit en ontstaan pyn as gevolg van 'n siek liggaamsorgaan. Die een beïnvloed die ander, of anders uitgedruk: tussen beide bestaan 'n wisselwerking. Dát bewussynsprosesse en hersingsprosesse radikaal verskil en dát tussen beide 'n wisselwerking bestaan, kan wetenskaplik ingesien word en selfs kan hierdie wisselwerking wetenskaplik bestudeer word. Maar hoé dit moontlik is dat die een die ander kan beïnvloed, kan niemand verklaar nie. Hier bereik ons 'n grens van wetenskaplike verklarings. Aan hierdie grens word die wonderstruktuur van ons skepping vir ons openbaar. Wie tóg die wisselwerking tussen bewussynsprosesse en hersingsprosesse wil verklaar, moet die een tot die ander of beide tot 'n derde herlei en moet aldus die radikale verskil tussen beide wegredeneer, maar hy doen daarmee die waarheid geweld aan.

Dit was maar een voorbeeld.

God het 'n radikale verskeidenheid in ons skepping geskape. Vergelyk maar lewe én stof, ruimte én getal, sedelikheid én taal, denke én fisies-chemiese gebeurtenisse, ja selfs mens én dier én plant en stof, ensovoorts. Hierdie radikale verskeidenheid vind sy oorsprong in God en is as sodanig wonder. Maar hierdie radikale verskeidenheid is op talryke wyses verbind en hang in talryke opsigte saam. Dát die radikale verskeidenheid saamhang kan die mens ontdek en ondersoek, maar hoé dit moontlik is dat wat radikaal onderskeie is tog saamhang, gaan alle menslike verklaring te bowe. Hierdie samehang van die radikale verskeidenheid in ons skepping openbaar die wonderstruktuur van die skepping.

Dit is die roeping van die wetenskaplike om die relatiewe verskeidenheid van die skepping te ondersoek totdat hy op die radikale ver-

skeidenheid stuit en sodoende die wonderstruktuur van die skepping ontdek, wat hy nie kan verklaar nie maar moet eerbiedig en waaroor hy hom slegs kan verwonder en met sy verwondering God kan verheerlik.

Die hierbo gegewe omskrywing van wonder is van belang vir ons vraagstuk van die verhouding van wonder en wet. Wie 'n ander wonder-idee huldig, kan die vraagstuk van die verhouding van wonder en wet moeilik reg stel.

## 3. WONDER EN WET; DIE PROBLEEMSTELLING.

Ons beperk ons in die vervolg tot die laaste drie betekenisse van wonder hierbo gegee.

Ons aanvaar wonder én wet asook die radikale verskil tussen beide.

Maar is die wonder nie in stryd met die wet nie? Is die wonder nie teë-natuurlik en teë-wetlik nie? Is dit nie 'n teë-instansie van die wet wat met die wet onverdraaglik en onversoenlik is nie? Beteken die aanvaarding van wonder nie 'n opheffing, 'n beperking en selfs 'n vernietiging van die wet nie? Is 'n wonderdaad van God nie 'n ingryping in die natuur van buite af en dus 'n verkragting van die wet en 'n aantasting van sy vastheid nie? Is die geloof aan wonders per slot van rekening nie ook teë-redelik nie en hoort die geloof aan wonders nie tuis net by primitiewe volke, bygelowige mense en klein kinders nie?

Dergelike vrae is deur die eeue heen gevra en kan vermenigvuldig word.

Hy wat God en (of) Sy wonders verwerp kan vrae soos hierbo gestel, bevestigend beantwoord. Maar vir hom wat wonder én wet aanvaar, bied hierdie vrae moeilike probleme, veral as hy van 'n verkeerde uitgangspunt uitgaan en met 'n valse probleemstelling worstel. Álles hang van die uitgangspunt en die probleemstelling af.

Wie die menslike rede van God en van die geloof los maak en dit teenoor God selfstandig stel, wie eis dat die menslike rede die maatstaf van die waarheid sal wees en dat slegs hy redelik is wat net aanneem wat hy met sy rede en verstand kan begryp en wie die grense van die menslike rede en verstand nie erken nie en dit verabsoluteer (d.w.s. teoreties vergoddelik), vir hom is die wonder teë-redelik. Maar wie dit alles nie doen nie en erken dat sy verstand en rede in sy geloof wortel en wie as redelik beskou die aanvaarding van álle (deur God in Sy Woord en in Sy skepping geopenbaarde) waarheid, vir hom is die aanvaarding van wonders nie teë-redelik nie.

Wie die skepping nie as 'n skepping van God sien of dit van God los stel, wie dit teenoor God selfstandig stel en dit selfs verabsoluteer, moet die wonder as teë-natuurlik opvat. Maar wie dit nie doen nie, hoef die wonder nie as teë-natuurlik op te vat nie.

Wie die wet van God los stel en God nie as Oorsprong van die wet sien nie, wie die wet selfstandig teenoor God stel en dit selfs verabsoluteer, wie die vastheid van die wet aan die wet self toeken of aan die skepping waarvan die wet sou wees en wie die wet nie as 'n wet **vir** die skepping sien nie, maar as 'n wet **van** die skepping en sodoende die wet geheel en al in die skepping veranker, hy kan nie anders nie as om die wonder as teë-wetlik op te vat, as 'n beperking, 'n opheffing en selfs 'n vernietiging van die wet, as 'n aantasting van sy vastheid, as 'n ingryping van God van buite af en as 'n teë-instansie van die wet wat met die wet onverdraaglik en onversoenlik is.. Maar wie dit nie doen nie, word nie tot hierdie verkeerde konklusies gedwing nie.

Wie in sy ondersoek van hierdie probleem met die wet begin en daarná vra hoe hy die wonder met die wet in verband moet bring, loop gevaar om tot dieselfde verkeerde konklusies te kom. Want hierdie probleemstelling gaan van die verkapte veronderstelling uit dat die wet selfstandig teenoor God en Sy wonders staan; hy het hom die pas afgesny om die vraagstuk reg te verstaan. Want God kom eerste en dán Sy skepping; en die wonder kom eerste en dân die wet. Die juiste probleemstelling is nié die vraag of die wonder teë-wetlik (resp. teë-natuurlik) is nie, maar die vraag of die wet teë-wonderlik is, en nié die vraag of die wonder met die wet verenigbaar is nie, maar die vraag of die wet met die wonder verenigbaar is. Ons moet met die wonder begin en dán vra wat die verhouding van die wet tot die wonder is.

## 4. WONDER EN WET; HUL VERHOUDING.

Wonder en wet verskil.

Die wonder is die onmiddellike en ‚direkte' werkingswyse van die algenoegsame en almagtige God Wie bo Sy skepping en Wie se dade bo die wetsorde verhewe is. Die wet is 'n onselfgenoegsame ordebepaling vir 'n onselfgenoegsame skepping, waarvolgens die „dinge" is, gebeur en ‚handel' en ‚(wat die mens betref) behoort te handel.

Wonder en wet is verwant.

Beide is ordebepalings. Beide vind hul oorsprong in God. Beide is vas en vind hul vastheid in die onwankelbaarheid en onveranderlikheid van God.

Maar beide hang ook saam.

Die wonder is eerste. Die wet wortel in die wonder. Die wet het sonder die wonder geen sin nie. Die wet is sonder die wonder onmoontlik.

God ,handel' op twee wyses: onmiddellik en ,direk' deur Sy wonderdade en middellik of ,indirek' deur die werkingswyse van die wet. Insover die wet as wet (afgesien dus van sy band met die wonder) die „dinge" bepaal, het ons geen wonder nie. Maar die wetsorde self is as 'n deur God gestelde en gehandhaafde orde een magtige wonder en die (,indirekte') ,handeling' van God d.m.v. die wet is as handeling van God wonder. Wonder is die diepste wese en die misterie van die wet self.

Waar God ,indirek' d.m.v. die bepaling van die wet ,handel', is dit nie die wonder wat die wet beperk nie, maar is dit die wet wat die wonder beperk en wel in dié sin dat dit God in Sy vrymag behaag het om met Sy wonderdade 'n onselfgenoegsame skepping in aansyn te roep en dit onder 'n onselfgenoegsame wetsorde te plaas, 'n wetsorde wat (in die wonderwerkende hand van God) die skepping in sy syn en voortgang bepaal en wat in hierdie bepaling (slegs as sodanig gesien) geen wonder meer is nie. As God (bv. met Sy spesiale wonderdade) die werkingswyse van die wet laat ophou, word nie die wet opgehef nie; wat hier opgehef word, d.w.s. wat God Self hier ophef, is Sy vrymagtige beperking[6] van die wonder m.b.t. die besondere werkingswyse van die wet. God ,handel' nou nie meer ,indirek' en middellik nie, maar ,direk' en onmiddellik. Hier is geen sprake van vernietiging of beperkng van die wet nie; die wet is immers niks selfstandigs teenoor God nie; hier hou die wet op om te bepaal

---

6. Die woord ,beperking' kan misverstand verwek. God word en kan nie beperk word nie, en -strikt geneem—Sy wonderdade ook nie.. Die werkingswyse van die wet is en bly in die hande van die wonderdoende God Self. Maar die wet is iets anders as wonder. Insover God gebeurtenisse in Sy skepping laat geskied deur bepaling van die wet is die wetsbepaling slegs as sodanig gesien en afgesien van sy band met die wonder) geen wonder nie. Insover dit geen wonder is nie, iets anders as wonder is, doen God geen wonder nie. Slegs dit word bedoel met die beperking van die wonder.

insover die wonder van die werk. Om 'n voorbeeld van A. Kuyper te gebruik: my stem word nie vernietig as ek ophou om te spreek nie.

Met die wonders van skepping, wetgewing, instandhouding en bestiering van die geskape heelal skakel God die wetsorde in Sy wonderdade in. Met die spesiale wonders skakel Hy Sy wonderorde in die wetsorde in; hier bly die wetsorde as geheel bepalend, behalwe insover die spesiale wonder werksaam is, en insover die spesiale wonder geskied kom die „dinge" ook (bowedien) onmiddellik onder die wonderorde van God te staan. Maar ook hierdie bepaaldheid deur die wonderorde vernietig die „dinge" nie want met Sy spesiale wonderdade hou God juis ook rekening met die besondere aard van die „dinge".

Die uitdrukking ,die wonder maak van die wet gebruik' getuig van 'n verkeerde opvatting van die verhouding van wonder en wet wanneer die uitdrukking gebruik word om 'n vermeende botsing tussen die spesiale wonders en wet uit die weg te ruim. Die wonderdade van God maak ook van wette gebruik, maar doen dit juis nié insover die spesiale wonderdade **wonders** is, d.w.s. vrymagtige opheffing van die beperking van die wonder m.b.t. die werkingswyse van die betrokke wette. Die uitdrukking ,wonder maak van die wet gebruik' herberg 'n verkapte verselfstandiging van die wet teenoor die wonder.

Ook die uitdrukking ,die natuur is soos 'n masjinerie waarop God met Sy wonderdade ingryp' is verkeerd. Die skepping (resp. die natuur) is 'n werk van en in Gods hande wat Hy d.m.v. wonder en wet beheer en staan nie teenoor Hom selfstandig nie.

Uit bostaande blyk dat dit geen sin het om die wet as teë-wonderlik te beskou nie, en dat die vrae of wonder teë-wetlik en teë-natuurlik is, eintlik absurd is en van 'n verkeerde uitgangspunt uitgaan en (of) op 'n valse probleemstelling rus.

Ten slotte waaruit weet ons van die wonder en sy verhouding tot die wet? Uit die geloof alleen. Ons weet dit uit die geloof aan die openbaring van God in Sy Woord en in Sy skepping. Álle wetenskap begin met geloof, word gedra deur geloof en eindig met geloof,—ook waar dit die geloof aan die wonder verwerp en dit vervang deur 'n geloof aan 'n selfstandige en van God onafhanklik wetsorde en (of) ,natuur'.

Vir die wetenskap (wat o.a. die wetsorde van die kosmos wil oopdek) is die aanvaarding van wonder geen struikelblok nie; want die wet is vas

en wortel in die vastheid van die wonder, terwyl wonder én wet wortel in die onwankelbaarheid en onveranderlikheid van God en Sy raad. Hiermee is blinde toeval en willekeur asook sinlose en blinde noodlot uitgesluit, en het die wetenskaplike 'n vaste, sinvolle en verantwoordelike taak, verantwoordelik aan die groot Wonderdoener, maar 'n taak wat begrens is en slegs 'n wetenskaplike kenne ten dele kan bied, maar tog 'n taak wat 'n roeping is wat die wetenskaplike tot eer en verheerliking van God, die diepste Grond en die hoogste Doel van álles, sal behartig.

## 5. 'N HULDE-BRENGENDE SLOTWOORD.

Dát dit die Vrije Universiteit vergun was om reeds gedurende vyf-en-sewentig jaar aan 'n wetenskap te bou wat gegrond is in die geloof aan die wonders van God en aan 'n wetsorde vir die skepping wat in die wonderdade van God sy oorsprong vind, dát hierdie Inrigting soveel ryke seën op al sy arbeid ontvang het en soveel uitnemende wetenskaplike werk kon verrig het en dát hierdie arbeid van so vérreikende invloed was, ook buite Nederland en ook op sy suster-inrigtings—w.o. ons Potchefstroomse Universiteit vir Christelik Hoër Onderwys—, dit alles stem ons tot innige dankbaarheid en diepe vreugde.

Mag die Vrije Universiteit in die komende jare van krag tot krag voortgaan, getrou aan die beoefening van 'n wonder-gelowende wetenskap, tot eer en verheerliking van Hom Wie met Sy wonderdade ook die wetenskap moontlik en die beoefening van die wetenskap tot roeping stel, en aldus tot ryke seën wees in die stryd om die Waarheid en in die diensbaarstelling van die wetenskap aan alles wat God aan die sorg van die mens toevertrou het. Dit is ons hartebede.

H. G. STOKER.